# 11 April 2024 - Lesing 285 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

En wie sal volhard tot die einde – 30/4/62

**NO: 8164** En wie volhard tot aan die einde, sal die saligheid deelagtig word, so lui My belofte. 'n Belofte wat die hoogste eis stel aan julle, sodat julle kan volhou tot die einde. Dit is maar 'n **klein kudde** aan wie hierdie belofte vervul sal word, want daar word 'n **groot proef** gevra van julle geloof.

Maar om dit te kan deurstaan, **het julle baie krag nodig en 'n innige verbinding met My**. En omdat daar met alle gestrengheid deur die maghebbers teen die gelowiges opgetree gaan word, kan die mense slegs met My ondersteuning weerstand bied. Met My krag, wat hom sal toestroom deur die innige verbinding met My.

**Hy moet aan My wil behoort met sy hele wil en siel**, dan sal die krag van sy geloof in My hom ook die krag gee om te kan volhard. Dan sal hy liewer **sy lewe opoffer** as om homself van My te skei, omdat hy My sal erken as liefdevolle Vader. Vir hierdie geloofsterkte wat ontstaan het uit sy liefde tot My sal Ek hom beloon en hy sal deur My die saligheid deelagtig word.

Hierdie klein kudde wat My getrou sal bly, ook in die hewigste geloofstryd, sal Ek red uit die grootste nood en ellende. **Ek sal hulle oorplaas na 'n plek waar vrede is.** Ek sal aan hulle die **nuwe aarde** as verblyfplek gee, sodat 'n **nuwe tydperk** kan begin van **vrede** en innige verbondenheid met My. Ek sal Self geestelik onder Myne kan vertoef, omdat hul groot liefde vir My dit sal moontlik maak.

Die loon is waarlik groot, maar Myne het dit verdien omdat die laaste tyd op die aarde vir hulle buitengewoon swaar sal wees. En tog bly hulle My getrou en sal volhard tot aan die einde.

Maar Ek help hulle ook met alle middele om hul geloof te versterk, want Ek sal Myself vooraf op **vele wyse** aan hulle openbaar. **Ek kom Self in die Woord na hulle toe en My direkte aanspreking** sal hul liefde en geloof lewend laat word. En hul voortdurende **geestelike omgang** met My sal hulle vervul met 'n liefde wat geleidelik groter sal word. Ek sal hulle dikwels op die wonderbaarlikste wyse tegemoetkom **en sal ook sigbaar kom na hulle toe** wat My in hul groot nood verwag en vas glo dat Ek hulle sal help.

Ek sal niemand sonder troos laat nie, Ek sal almal die krag gee om selfs die swaarste lot te kan verdra. Hulle sal in My glo en rotsvas op My vertrou, **want Ek sal hul geloof nie beskaam nie.** Hulle sal elke dag My koms en hul redding verwag, totdat Ek hulle Self sal wegneem, omdat die tyd vervul is. En Ek maak ook 'n einde aan die aktiwiteite van My teenstander en slaan hom en sy aanhangers in kettings.

Die dag van die oordeel sal **'n totale verandering van die aardoppervlakte teweegbring**. Alle skeppings in, op en bo die aarde en alles wat leef sal opgelos word om 'n nuwe vorm aan te neem.

En vir alle mense sal dit dus die dag wees van die einde van die "ou" aarde. Slegs diegene wat tot Myne behoort, sal van hierdie aarde **weggeneem** word en die vernietiging ontkom. Maar die aanhangers van My teenstander sal vol ontsetting die ondergang voor oë sien en **deur die aarde verslind word**. Want hierdie aarde sal in haar ou gedaante nie meer bly bestaan nie.

Daar sal egter weer 'n **nuwe aarde** ontstaan en sy sal weer 'n **nuwe verlossingsperiode** begin. En hierdie nuwe aarde sal bewoon word deur mense wat aan My **getrou gebly** het tot aan die einde.

En hulle sal ook die saligheid deelagtig word soos wat Ek hulle beloof het, want in hierdie tyd het My teenstander vir 'n lang tyd **geen mag** oor die mense nie, omdat hulle **deur hul liefde** met My verbonde sal wees.

En dan sal Ek ook Self onder hulle kan vertoef en dan het daar aan alle nood 'n einde gekom. Dan sal daar weer vrede op aarde wees en daar sal weer 'n paradyslike toestand in harmonie en geluksaligheid wees **waarin slegs die liefde sal heers**. Amein.